KOMMUNIKAATJIE

Gereformeerde Kerk Centurion

Jaargang 51 **Nr 43** **29 Nov 2026**

Lofoffers is die vrug van die lippe wat Christus bely

Sedert die vernietiging van Jerusalem in die jaar 70 AD, is daar nog nie weer offers aan God in die tempel in Jerusalem gebring nie. Juis daarom wil die Joodse volk die 3de tempeltyd herstel. Vir bykans 2000 jaar kan die Jode nie offer nie, wat die wese is van die erediens soos dit in die Ou Testament beskryf word.

Daar was verskeie sulke tydperke waar die tempel vernietig was, en weer herstel moes word, soos die wegvoering na Babel, en die herstel deur Esra en Haggai en Sagaria. Daar was ook tye wat die volk wel offers gebring het, maar nie met die regte gesindheid nie. Dink sover terug as die seuns van Adam en Eva. Daar is die eerste moord opgeteken as Kain vir Abel dood maak. En dit oor die erediens.

Ons lees ook op ander plekke, onder meer waar Samuel vir koning Saul teregwys oor sy gebrek om die banvloek oor Amalek te volbring. Samuel herinner vir Saul dat gehoorsaamheid beter is as offers.

Hebreërs leer ons verder oor die heenwysing van die offers van die Ou Verbond, wat op Christus gefokus is. Dit gaan nooit oor die offer van diere nie, maar eerder die diere wat in die plek van die mens moet betaal met hulle lewe. Die bloed wys op lewe, want die lewe is in die bloed.

Daarin is Christus die ware offer. Hy gee sy lewe, sodat Hy met sy lewe betaal vir die sonde. Die vraag is egter of die bedoeling van ons bestaan daarop gemik is dat almal hulle lewens offer net om te sterf? Dan is die antwoord baie duidelik nee. God wil dat ons lewens geoffer word aan Hom, om vir Hom te lewe. Dit is juis wat hierdie woorde uit Hebreërs 13 ons aan herinner, om offers van lof te bring uit dankbaarheid.

“Laat ons dan gedurig deur Hom aan God ‘n lofoffer bring, dit is die vrug van die lippe wat sy Naam bely.”

Hebreërs 13:15

Elkeen wat Christus bely as verlosser, bring die vrug voort van lof aan God. Daarin is nie net ons lofsange offers aan God nie, maar ook ons gebede.

Laat ons dan opnuut onthou om lofoffers aan God te bring, tot lof en roem en eer van sy Naam.

Lourens (vdm)

ALGEMENE INLIGTING

EREDIENSTYE
Afrikaanse Oggenddiens: 09:00
Engelse Diens: 11:00
Afrikaanse Aanddiens: 18:00

Ds Maarten van Helden: 072 143 1855
Ds Lourens Venter: 082 529 2330

Telefoon: **012 664 2614**
Kantoorure: ***Ma-Do*** *08:15 - 13:00*

Basdenlaan 226
Lyttelton

Epos: Kerkkantoor—**kerkkantoor@gkcenturion.co.za**

Inhandiging van Kommunikaatjie-berigte sluit Woensdae om 12:00

- -

NUWE INTREKKERS: Nuwe intrekkers word gevra om na die erediens voor by die klavier aan te meld.

VIDEO UITSENDINGS Volg skakel op gemeente se webblad **gkcenturion.co.za** of ons internetskakel **stroom.gkcenturion.co.za**

EREDIENSTE OP INTERNET: http://kerkdienstgemist.nl/assets/516 (direk of opname).

LUISTER NA EREDIENSTE OP SLIMFOON: TOEP: **Kerkdienst Gemist.**

BIBLOS BYBELVERSPREIDINGSPROJEK: Esmé 083 381 6428/esmel.prins@gmail.com.

KLEUTERKLAS: (2-5jr): Ouers neem asb u kleuters ná Skriflesing na die kleuterklas.
(Janneke Wessels – 071 898 5900)

Dienspersoneel

Datum	Wyk	Ouderling	Afkondigings	Diaken	Klank	Projektor	Video Uitsending
29-Nov	B16	Sollie Nel	Thys Reynecke	Riaan Van Schalkwyk	Hein Kaiser	Johan Hoogenboezem	Ronell Hoogenboezem
06-Dec	B17	Dries Roos	Fred Reynecke	Rudy Kruger	Charl vd Bergh	Hannie vd Bergh	Eric Guldemond

KOLLEKTES

Vandag: **Barmhartigheid** (tydens erediens)

Volgende week: **Barmhartigheid**

Vandag: **Emeritaatsversorging** (by die deure)

Volgende week: **Ekumenisiteit Buiteland**

Kerk se bankbesonderhede:
Rek Naam: Gereformeerde Kerk Centurion
Bank: ABSA Lyttelton
Takkode: 632005
Rek no: 600 340 409

Inbetalings vir die Diakonie:
Rek Naam: Diakonie Gereformeerde Kerk Centurion
Bank: ABSA Lyttelton
Takkode: 632005
Rek no: 600 280 589

Inbetalings vir die Susters:
Rek Naam: Gereformeerde Kerk Centurion Susters
Bank: ABSA Lyttelton
Takkode: 632005
Rek no: 600 340 417

Maandelikse bydraes dmv EFT—Verwysing: Voorletters (almal) en Van sowel as Wyk nr stuur bevestigende epos aan admin@gkcenturion.co.za

Verjaarsdae

Belydende lidmate

29 Nov.	Kobus	v Niekerk	C06	0659992124
30 Nov.	Rochelle	du Toit	B03	0662257231
	Juanette	Johnston	B01	0732178084
	Kobus	Joubert	A01	0798738219
01 Des.	Marius	Gerber	C14	0823272949
02 Des.	Marco	Ellis	B01	0740843102
	Danie	Meiring	B15	0646519263
	Janita	Stolk	B05	0832384918
	Adrian	v Antwerpen	A08	0835564276
04 Des.	Elana	Brits	B15	0827821416
	Reynhardt	Kruger	B15	0824483406

Dooplidmate

01 Des.	Estian	Dekker	B18	0824151034

Alethea Outreach 11:00

Like us on facebook:
https://www.**facebook**.com/
aletheaministry/

Last service will be on 6 Dec 26 and commence again on 17 Jan 27.

Ons gee om vir Mekaar

"...God ontferm Hom oor ons." *Ps. 116:5*

- Dries Roos sterk tuis aan (B09 – 082 572 1492).
- Ben Erasmus het 'n draai in die hospitaal gemaak. (C07 – 083 281 0861).
- **Meelewing** word betuig met familie en vriende van tannie Gerrie vd Merwe wat gedurende die week oorlede en begrawe is.

Ons lidmate word aan die liefdevolle versorging van die Here opgedra

Geluk

met die doop vanoggend van:

- Karli Pretorius dogter van Jaco en Camilla.
- Ignatius Meiring seun van Danie en Monique.



Predikante-diens gedurende die vakansie

Ds. Lourens Venter is met verlof vanaf 30 Nov – 13 Des

Ds. Maarten van Helden is met verlof 14 Des - 3 Jan 27

Skakel gerus die Ds. aan diens indien u hul benodig.

Bernina @ Saxby—Verkope van alle Bernina en Bernette naaldwerkmasjiene en omkap-masjiene. Diens en herstel van alle fabrikaat naaldwerk-masjiene. Dalena Kruger 072 974 2728.

Huiskontrakteur – herstel/waterdigting van dakke; oopmaak van rioolstelsels, verfwerk; plaveisel; teëlwerk; waterlekke; staalwerke; saag/verwydering van bome; installeer solar-drukpomp op watertenks, omskakeling van geyser na sonkrag; installasie van gastoestelle. Hennie vd Walt 082 927 4326.

Verkoop u, u huis? Onthou dit is u Verkoper se keuse om die prokureur aan te stel. Ek sal u graag daarmee wil help. Ook testamente en boedels. Pieter Wolmarans Prokureurs 083 949 8899.

SORG MET EER!

Voor 1994 was daar geen amptelike pensioen vir predikante nie. Dit skep tot vandag toe vir baie predikante in Kerkverband ernstige probleme. Die Emeritaatsversorgingstrust is in 1994 hiervoor geskep. Dit is egter nie so eenvoudig om so saak in ‘n “kort” tyd reg te stel nie. Om vir emeriteritering te sorg, moet Kerkrade reeds vanaf die predikant se eerste werksdag hiervoor voorsiening maak. Die SORG MET EER projek is geskep om lidmate te sensiteer om die fondse in die Trust aan te vul, sodat emeriti eervol versorg kan word. Ons wil volgende jaar bietjie fokus op hierdie saak.

Gerrit Beumer 0825725235

Eljada Huis

Waar die HERE sorg en voorsien!

Eljada Huis voorsien hierdie jaar weer kospakkies aan 7 gesinne. U kan diak. Hennie vd Vyver kontak om ’n behoeftelys van ’n spesifieke gesin te ontvang. U kan ook ’n finansiële bydrae lewer:

Standard Bank
Montana 051001
Rek nr: 0443 960 58
Verw: "KOSPAKKIE" en jou naam (indien jy verkies)

Hennie vd Vyver 084 424 0421

Geloftefees

te GK Centurion

olv. Die plaaslike Gelofte Komitee

Datum: 16 Desember 2026
Samesang: 8h40 Samesang en Koorsang
Geloftediens: Dr. Douw Breed
Feesrede: Dr. Pieter de Kock ,
Die Wonder van Bloedrivier
Kontakpersoon: Charl vd Bergh
072 698 7956
Die verrigtinge sal ook gestroom word op stroom.gkcenturion.co.za

Almanak 2027 (boek)

Weens ’n druk probleem gaan die boek eers eers beskikbaar wees vanaf **17 Jan 27** by die Kerkkantoor.

Kleuterklas

Die laaste kleuterklas sal DV 29 November 2026 plaasvind en hervat weer op 10 Januarie 2027.

Baie dankie aan Marilu Prinsloo, Maryke Maré, Tanya Aucamp en Yolandi Martinson vir julle hulp hierdie jaar.

Ons klas het behoefte aan nuwe uitdraaikryte, gom, skêrtjies, toiletrolletjies en 'n paar rieme papier vir die druk van inkleur- en handaktiwiteite.

Ons verwelkom ook enige blokkies, diertjies of soortgelyke speelgoed vir ons peuters.

Indien u graag wil bystaan hiermee, kontak asb:

Janneke Wessels by 071 898 5900



TEESKINKBEURTE

Instruksies vir die regsit voor die diens, skink en opruim na die erediens is in die kombuis opgeplak.

29 Nov.

Anneri de Jager B17

Cecilia Wolmarans B18



6 Des.

Hester vd Merwe B6

Sonja vd Dussen B15

Esmé vd Berg C1, C15

En die Gees en die bruid sê: Kom!
En laat hom wat hoor, sê: Kom!
En laat hom wat dors het, kom;
en laat hom wat wil,
die water van die lewe neem,
verniet.

Openbaring 22:17



Kerssangdiens

U word almal uitgenooi na die Kerssangdiens, 6 Des om 18:00

Tema: Die groot geskenk van God!

Die program sluit in:
Heerlike samesang met die oog op die Kersgety.
Kinders word ook uitgenooi om te kom saamsing!!

Kom loof die Here met lofgesang!!

Liturgiese Riglyne

SONDAGOGGEND 09:00

Halleluja: Prys ons God!

Skriflesing:
Openbaring 19:11-16 (2020)

Teksvers:
Openbaring 19:11-13

Sing:
Ps 149:1,2,4
Ps 89:6,11
Sb 18-3:7,8,9
Ps 128:3,4
Sb 18-7:1,3,10,12
Sb 13-3

Ds Lourens Venter

In die laaste hoofstukke van Openbaring kan ons saam met Johannes die hemele inkyk en sien waarop die einde van alle dinge neerkom.

Die aanslag van die wêreld en die satan is vernietig, met die oorwinnaar Koning wat regeer. Die ganse skepping sing hulle lof en eer en halleluja. Daarby word ons ook aangespoor om ons gereed te maak vir die ontmoeting met die ewige Koning.

Ons moet ons bruidskleed gereed maak, dit is die goeie werke van die gelowiges. Laat ons dan met toewyding en lof ons kragte inspan om God te prys in ewigheid.

SONDAGAAND 18:00

In vrede sal jy vrede hê

Skriflesing:
Jeremia 29:1-20 (2020)

Teksvers:
Jeremia 29:7

Sing:
Ps 147:1,2
Ps 34:1,2,6
Ps 133:1,2
Sb 13-3

Ds Lourens Venter

Om te hoop is meer as lugkastele bou. Ons lewe elke dag met hoop op die toekoms.

Jeremia moes aan die volk in tye van beproewinge bo menslike kragte aanspoor tot hoop dat God self herstel sal bring. Dit is ‘n moeilike boodskap om te bring as dinge duister is. Dit kan so maklik ‘n verkeerde ingesteldheid van spoedige uitkoms bring, maar Jeremia wys op God se tyd, Hy sal self die hoop vir die toekoms gee.

Ons staan vanaand stil by die vrede wat vrede bring.